Oggenddiens
8 November 2009

Lees: Hand. 20: 17-38
Teks: Hand. 20: 35
Sing: 1. Ps. 48: 1 en 3 (TT)
2. Ps. 34: 1 en 2 (T)
3. Sb. 9-4: 1 en 6
4. Ps. 40: 4 (T)
5. Sb. 7-2: 1 en 2

Die kern van wat ons hoor – gee en nie ontvang nie – val nie gemaklik op die menslike oor nie. Die natuurlike ingesteldheid van die mens, liewe gemeente, is om te kry; is om in te palm. *Dit word gedryf deur die natuurlike ingesteldheid van hebsug, gierigheid en inhaligheid.*

- **Tog, ons as kinders van God; ons wat die verlossing deur Jesus Christus bewerk is, mag smaak; ons wat gevul is met die Heilige Gees; ons is verlos van daardie onsmaaklike, negatiewe en afstootlike gedrag en ingesteldheid.** ***Ons is verlos daarvan, maar het ons werklik daarvan ontslae geraak? Is ons lewe nou ingerig dat ons waarlik God se beelddraer en Jesus se dissipel is en kan wees?***

Want weereens moet ons besef, waar ons opgeroep word om ons gelukkig wees te soek in GEE en nie in ONTVANG nie, moet ons onthou:

- **God het ryklik gegee!** Toe ons niks verdien het nie en steeds gee Hy elke dag elke stukkie seën sonder dat ons verdien. Hy gee ons 'n liefdesband met Hom. Hy gee ons beskerming en sorg. ***Hy gee ons sy Seun en die verlossing wat Hy bewerk, geliefdes en dit gratis en verniet. Sonder dat ons as mens dit ooit gevra of daaraan gedink het om te vra.***
- **Jesus Christus het ryklik gegee!** Homself as offer. En deur sy hele lewe op aarde hoor ons hoe Hy gee – aan siekes, aan verstote mens, aan die minderes en meerderes. Hy gee wanneer Hy daarom gevra word en selfs wanneer mense dit glad nie verwag nie. ***Hy gee sonder om ooit aan Homself te dink en op die end is sy vreugde groot daarin dat Hy alle mag in hemel en op aarde besit en van daaruit elkeen wat aan Hom behoort kan beskerm en dra. Gee Hy steeds daarin dat Hy vir ons pleit en voorbidding doen saam met die Heilige Gees.***

En nou kom God die Vader en Jesus as ons Here en vra: **wees my beelddraer** en fokus op gee eerder as ontvang. **Wees my navolger** en gee en jy sal die loon nie mis nie en daarin sal jy ware geluk en vreugde vind.

- En kom ons wees maar eerlik: jy stap veel eerder met 'n vrolike en opgewekte hart verder as jy vir iemand iets gegee of gedoen het en jy sien die opgewondenheid en dankbaarheid in so persoon se oë en lewe. *Dit daarteenoor as jy iemand geïgnoreer het of iets afgevat het en so persoon staan bedremmeld en met hartseer wanneer jy voortgaan.*

Besef: die vertrekpunt is: omdat jy God liefhet, gaan daardie liefde sigbaar oorgaan in die vrywillige gee aan ander eerder as om bakhand voor ander te

staan. Gaan jy as dissipel van Jesus Christus, gedring deur die Heilige Gees vanuit jou nuut wees, doen wat die teksvers vra, liewe lidmaat?

Laat ons onthou wie hierdie woorde van Jesus ophaal en aanhaal. Dit kom van Paulus wat ons weet self by tye niks gehad het nie, maar dan weer oorvloed beleef het (Fil. 4: 12). Hy het sy lewe lank gegee en gegee en op wonderbaarlike wyse het God deur sy grootste smarte toegesien dat vir hom gesorg is. *Nou moedig hy die ouderlinge van Efese primêr, maar ook al die kinders van God sekondêr aan om dieselfde te doen. DAN DIE VERSEKERING: julle sal baie gelukkiger wees. Ook uitgedruk met: julle sal groter tevredenheid beleef of baie meer voorspoedig voel en wees.* En dit nie maar net so bolangs nie, maar in groot maat; baie meer as die wat net altyd wil ontvang.

Hierdie oproep tot gee word aangevoor deur die saak van hard werk. ***Werk wat 'n voorreg is en waartoe gawes en krag van God ontvang word, mag nie maar net een of ander "schlep" wees nie, maar gesien word as voorreg waarvan nie net jyself die voordeel mag opeis nie.*** *Ander moet die voordeel wat jy daaruit put, ook kan geniet!*

- Voor jy vrae vra of onthuts reageer, onthou: **Jesus het hard gewerk met jou in gedagte en jy deel in al die voordeel wat Hy behaal het. Wees jy nou sy navolger!**

Om daartoe te kom, moet ons leer om van onsself af weg te dink. Moet 'n gesindheid van opoffer en diens lewer by ons aanwesig wees, liewe gemeente. *En dit moet ons in die eerste plek onder mekaar wees en doen sodat die onderlinge verbondenheid met mekaar kan groei.* ***Van daaruit moet dit ook na buite gebeur, want die wêreld moet van die liefde van Christus bewus gemaak word deur elkeen wat aan Hom behoort!***

Besef: om te gee, voed en versterk vriendskap. Dit bou die onderlinge band uit. Dit wek liefde en skep geleentheid tot positiewe toenadering. Word dit gesien en beleef, trek dit mense na Jesus en sy Kerk op aarde.

- Vra en vat, breek vriendskappe op. Dit wek agterdog oor motiewe en stoot mense af.

Ja, <u>gee</u> maak inderdaad op wye en alle vlakke mense meer gelukkig as om te <u>ontvang</u>! Dit geld die een wat gee en die aan wie gegee word!

Kom agter: Paulus praat hier met alle mense – ryk en arm! Almal moet die ingesteldheid hê van gee. Elkeen na vermoë en so sal ook die arm mense agterkom dat gee jou meer tot voordeel strek as om net heeltyd te wil ontvang.

Daar is egter 'n begrip in die teksvers wat wel tog ook van nader bekyk moet word. Dit gaan oor die saak van ***<u>armes</u>***, wat 'n baie wyer betekenis het as bloot wat dit op die oog af vir ons mag beteken. Volgens verklarings en eksegeties bekyk, word met ***<u>armes</u>*** hier die volgende bedoel:

- Dit dui op die mense wat geestelik in nood verkeer (Ef. 4)
- Dit dui op siek mense wat nie in eie behoeftes kan voorsien nie (Rom. 15:1).

- Dit dui op mense wat om geregverdigde redes nie self kan sorg nie (2 Thess. 3: 10-12).

Kom agter, die lui mense; die wat uit luiheid bedel, geliefdes, val nie onder die kategorie nie. Onthou Paulus beklemtoon hier dat ons ***hard moet werk!*** Vandaaruit moet ons gee. Om in luiheid te verval en bedelaar te word, mag nie misbruik word om op mense se gevoel te speel en te wil ontvang nie.

- Besef: omstandighede is soms net teen mense en hulle het daar geen beheer oor nie. *Dit weet ons immers baie goed in die huidige tydsbestek van ons land!*

Hierdie oproep vanuit God se Woord kom tot ons vandag in 'n tyd wat die saak van **menseregte** hoog op die agenda staan. *'n Christen is nie iemand wat op regte staan nie, maar soos Jesus, wat inderdaad op sy regte sou kon staan, eerder aangevuur word deur offer, diens, omgee en uitreik.* Want ons as broers en susters van Jesus Christus leef nie bloot vir die hier en nou nie. Ons leef met die oog stewig gevestig op waarheen ons op pad is – die ewige, hemelse woning in ewige heerlikheid. ***Iets wat aan elkeen wat in die wil en Woord van God bly volhard, gegee word sonder enige verdienste!***

- Ons uitkyk het deur ons verlos wees, verander van “eet en drink want môre sterf ons,” na “gee en offer, want die tyd is min voordat ons volle lewe in Christus vir ewig deurbreek.”

Daarom, liewe gemeente, is ons ingesteldheid en so wil die teksvers ons dit uitwys, om ons tyd en gawes so te gebruik en in te span dat God die regte eer ontvang; sy koninkryk die grootste voordeel daaruit put en ons naaste die vrug daarvan kan geniet. ***Dan is ons God se beelddraer en Jesus se navolger. En dit kan net as ons by die punt wil kom van: EK KAN NIE, MAAR IN EN DEUR DIE KRAG WAT JESUS DEUR SY GEES AAN MY GEE, IS EK TOT ALLES IN STAAT!***

Ja, ons weet:

- Nie almal kan DIESELFDE gee en/of doen nie, maar elke mens kan IETS doen!
- God kan in geen opsig verneuk word nie en Hy weet wat die IETS is wat jy en ek kan en behoort te gee.
- Jesus, en so sien ons dit ook by iemand soos Paulus, het nie gekom met die idee van om eers alles wat Hy wou hê te kry en ontvang nie, maar het van die begin af gegee en gedien en gedoen – en vandag beleef Hy saam die hemelse leërskare vreugde oor elkeen wat hom/haar bekeer op grond van wat Hy gedoen en gegee het!

Geliefde: God en Jesus en deur wat Paulus in die teksvers aan ons deurgee, het 'n wonderlike uitnodiging en uitdaging voor ons elkeen neergesit. ***'n Uitdaging waarmee ons net werklik erns sal kan maak as ons waarlik in 'n intieme, liefdevolle verhouding met God leef en waarin ons so gevoed word dat ons nie anders kan as om soos Hy te gee en te gee sonder om te verwag om ooit iets te ontvang nie.***

Daarby weet ons: ons is in staat om te gee, juis omdat ons reeds so baie van God en Jesus ontvang het. Die dinge waarvan die Heilige Gees ons oortuig,

soos die verlossing, die ewige lewe; die vryspraak, sondevergifnis as ons daarom vra, en vele meer. *Daarby kry ons elke dag talryke seëninge – gratis en verniet, sonder om eintlik dikwels daarom te vra.*

Nou is die uitdaging: deel wat jy het! Deel met ander van die baie of menslik gesproke dalk min wat jy ontvang. *Dan sal jy net nog meer gelukkig wees op jou aardse lewenspad.*

Laat ons so wys dat ons waarlik verlos is en ontslae geraak het van die sondige idee van inpalm, hebsug en inhaligheid.

Amen.